## ENERGIE: RAAK SO SELFSTANDIG MOONTLIK

Heeltydse beurtkrag is nou 'n werklikheid. Die topbestuur van Eskom, waaronder mnre. Mpho Makwana, voorsitter van die direksie, André de Ruyter, uitvoerende hoof, Jan Oberholzer, bedryfshoof, en Thomas Conradie, hoof van opwekking, het in 'n volledige uiteensetting van die stand van sake by Eskom aangekondig dat heeltydse beurtkrag vir minstens twee jaar verwag moet word.

Die onderliggende boodskap is duidelik: Daar is geen kitsoplossing vir energievoorsiening in Suid-Afrika nie. Dit neem nie weg dat alles wat dadelik gedoen kan word, dadelik gedoen móét word nie.

Met ander woorde korrupsie, die lewering van swak steenkool en werknemers wat nie hulle plig doen nie, moet die nodige aandag kry. Dit is alles sake wat binne Eskom se beheer is. Gewone burgers is in dié verband toeskouers van 'n proses wat die penarie waarin hulle tans verkeer, kan verbeter of versleg na gelang van hoe dit aangepak word.

Daarom moet gewone burgers verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat wel binne hul beheer is. Terwyl kundiges redekawel of hernubare energie Suid-Afrika se probleme kan oplos of nie, of die toekoms tog maar in steenkool lê, of groen waterstof die aarde kan red en of die antwoord kernkrag is, kan huishoudings en kleiner besighede net oplossings in werking stel wat vir hulle bekostigbaar is.

Sonkragstelsels wat aan die netwerk gekoppel is, asook rugsteun bied tydens beurtkrag, kan vir kleiner verbruikers die lewe vergemaklik en verliese bekamp. Netwerkgekoppelde stelsels het die voordeel dat dit oortollige krag vir ander verbruikers beskikbaar stel, maar as die netwerk af is (soos tydens beurtkrag), lê daardie sonpanele nutteloos op die dak.

Om ten volle onafhanklik te wees, vereis weer 'n wesenlik groter belegging en boonop gaan oortollige krag (nadat batterye ten volle gelaai is) verlore. 'n Hibriede stelsel wat fotovoltaïese panele se krag beskikbaar stel as die netwerk af is en boonop 'n mate van bystandkrag lewer, bied die beste van albei opsies.

Dit kan wees dat hierdie oplossings nie alle kragprobleme die hoof bied nie, maar dit versag die uitwerking van beurtkrag en verseker 'n mate van ekonomiese aktiwiteit.

Groter ondernemings kan hul eie dieselkragopwekkers aankoop en as 't ware Eskom se vloot oopsiklus-gasturbines aanvul, terwyl ekonomiese reuse en munisipaliteite selfs die bou van klein, modulêre kragsentrales kan oorweeg. Hierdie soort ondernemings kan groot kapitaaluitgawes makliker dra en oor 'n langer tyd afbetaal as minder kapitaalkragtiges. Ongelukkig is die meeste munisipaliteite nie eens in staat om hul Eskom-rekening te betaal nie en sal dus nie hierdie geleentheid kan gebruik nie.



**MODDERPRET.** DW Jansen van Nieuwenhuizen (6) laat waai met 'n kleilat terwyl sy pa, Dirk, eintlik agteroor lê om die kleikoeël se trajek dop te hou. Regs wag Hanru van Rooyen (10) sy beurt af. Hierdie groot pret in 'n gronddam ná die reën was deel van 'n familiesaamtrek van die Van Rooyens van Pretoria en Zeerust, en die Jansen van Nieuwenhuizens van Gaborone in Botswana, op 'n plaas van mnr. Louis Meyer tussen Zeerust en die Kopfontein-grenspos met Botswana. Meyer is die eienaar van Loriza Brahmane en boer ook op plase by Lichtenburg en Groot-Brakrivier. FOTO: CHARL VAN ROOYEN

### SPAN SAAM

'n Moontlikheid wat tot dusver nog nie veel aandag getrek het nie, is gemeenskapgegronde ondernemings om krag op te wek. Dit is die soort plan wat die burgerregteorganisasie Afri-Forum onlangs bekend gemaak het. Sulke planne kan met geesdrif begroet word.

In 'n vorige era is reuse-ondernemings soos Santam, Sanlam en Avbob tot stand gebring – nie in die eerste plek om wins te maak nie (hoewel wins in die sakewêreld onontbeerlik is), maar om saam te doen wat jy nie op jou eie kan doen nie. In daardie stadium was dit voorsiening vir skade, aftrede en dood. Tans is die dringendste nood kragvoorsiening.

Dit het in die afgelope weke op skokkende manier duidelik geword hoe groot die skade van kragonderbrekings op die landbou is. Dit maak die landbousektor 'n logiese bron van geld vir 'n gemeenskapgegronde kragmaatskappy. Só kan die verlede herhaal word toe landboukapitaal gebruik is om die hele ekonomie te bevoordeel.

Die VF Plus herhaal sy oproep dat die mark vir elektrisiteit oopgestel moet word. Enigeen met die ondernemingsgees en vermoë om tot kragvoorsiening by te dra, moet dit binne die perke van veiligheid en tegniese standaarde kan doen.

Die politieke gevolge van 'n staat wat nie meer die spreekwoordelike water en ligte kan

**SKRYF VIR ONS EN WEN 'N PRYS**

Skryf gerus aan ons. As dit die wenbrief is, ontvang jy R150 met die komplimente van BKB. Sê jou sê in hoogstens 500 woorde. Stuur dit per e-pos aan **lbw@landbou.com** of per gewone pos aan Die Redakteur, Briewe-blad, *Landbouweekblad*, Posbus 1802, Kaapstad 8000. Verskaf jou naam en adres, al wil jy 'n skuilnaam gebruik.